# 1ste kwartaal 2015 in 'n "neutedop"

# HEY! Brokkies Nuus

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

**Die 1ste kwartaal het laat in Januarie begin maar toe ons eers wegtrek was die tempo vinniger as ooit! Ons deel graag 'n paar hoogtepunte:**



Dankie Magdel, welkom Joelene

**1.Totsiens Magdel en welkom Joelene:** **Magdel Mc Carthy** was 3 jaar aan die stuur van HEY! Bybelklasse by **Lochnerhof laerskool in Strand** en danksy haar is baie goeie strukture en prosesse aan die gang gesit maar sy gee vanjaar die leisels oor om haar speelskool uit te kan brei. **Joelene Nolte** koördineerder nou die Bybelklasse van gr RR tot gr7 namens HEY! Daar word meer as 1060 kinders weekliks bedien by die skool. By HEY! besef ons dat Lochies se waardes van Eerlikheid, Respek, Deernis, Regverdigheid en Verantwoordelikheid ook Bybelse waardes is wat Jesus ons leer en in baie van die HEY! lesse wat ons aanbied voorkom. Ja, die Bybel is ons lewens Handleiding en dis 'n voorreg om kinders van kleins af te kan onderrig uit God se Woord! Bid saam vir oop deure in skole!!

**2.Moedskep 2015:** Die vrywilligers wie Bybelklasse gee asook van die gebeds intersessors van HEY! het 'n wonderlike oggend van "moedskep" vir 2015 geniet. **Chris Bester het ons bemoedig uit 2 Korintiërs**. Dit was heerlik om net weer te kon verhouding bou met almal en mekaar bemoedig. Ons is reg vir 2015!



"MOEDSKEP" vir 2015 "READY 4 ACTION!!"

**3.Bybelklasse van pre-primêr tot gr7** Dis 'n groot voorreg om by hierdie laerskole bedieninge te kan betrokke wees: **Lochnerhof, Beaumont, De Hoop, Danie Ackermann, Somerset-Wes, Lawrencia, Weber gedenk, 2 plaas bedieninge-Rustenhofplaas en Croydon en Bonnytoun.** Bybellesse word noukeurig gekies vir spesifieke ouderdom en neem ook behoeftes in ag van skool of instansie waar bedien word. Daar word tans meer as **2650 kinders bedien in die Wes-Kaap**



Croydon se vrolike kleuters



De Hoop se gr3's het groot pret met Hoop vir Kinders!

**4.Gebed/HEY! PRAY!** Ons besef dat **alles begin by gebed** en om God se aangesig te soek in elke besluit. Die "Lighuis" gebedshuis by Lochnerhof se krag is nou ook aangelê (nou is dit 'n ware **LIG huis!**) en ons is reg vir die donker en nat wintersoggende wat voorlê! Die **mense wie so getrou bid is vir HEY!** baie kosbaar en ons dank Jesus vir elkeen van julle! **Jakobus 5:16** is so waar- **gebed het KRAG!**



Beaumont gr1's maak brood-jies om te gee aan ander!

**5.Opleiding aan HEY! Vrywilligers** **John Yip en Hein Reyneke** van SCAS het opleiding kom gee in1)hoe kinders leer op 9 verskillende maniere en 2)hoe om spel/aktiwiteit in les in te werk en emosie/ervaring daaruit deur te trek na Bybel. Ons het saam gespeel en gedoen en BAIE gelag en gaan beslis met nuwe energie en vars idees ons klasse aanpak! Ons GROEI!!♥



Papiervliegtuie vou&leer-sommer weer kind gewees!!